

Gerrit Vosloo deel met ons enkele gedagtes en terugvoer oor die FutureNow-kursus wat onlangs aangebied is.

My persoonlike opinie, is dat dit 'n baie goeie kursus is wat baie goed nagevors is en baie goed aangebied word. Dit gee 'n stuk goeie toerusting aan elkeen wat met jongmense werk. Dit kan baie goed werk in skole en kerke. Ons moet verseker 'n volgende geleentheid reël waar die opleiding weer aangebied kan word. Die produk is goud werd en op die oomblik die beste alternatief wat vir ons aangebied word om geestelike bediening in skole te doen.

Die persone wat die kursus bygewoon het, het die volgende gesê:

"Dit is praktiese-uitvoerbare materiaal wat gebruik kan word, ook in my konteks. Dit sal die kinders/tieners verander - met die gevolg, die toekoms sal verander" - Ds Carl Schunke, NG Amsterdam

"Baie prakties, eenvoudig, kan maklik in die praktyk met tieners gebruik word". - Ds Danie Vermaak, NG Elarduspark

"Ek vind die werkwinkel inspirerend met 'n nuwe "tool" wat sinvol sal wees. Ek sal dit aanbeveel. Ek glo dit is praktykgerig". - Ds Hardus van Niekerk, NG Middelburg-Suid

"Great! Baie waardevol - dit sal verseker mense se lewens, gemeenskappe en die wêreld kan verander - elke moontlike persoon moet dit bywoon". - Ds Christian Oberholzer, NG Elarduspark

"Kan aanbeveel word; het kritiese aspekte ontbloot wat misgekyk word in bediening". Ds Hannes Bezuidenhout, NG Pietersburg-Noord

"Die kursus het vir my 'n praktiese hulpmiddel gegee om in skole betrokke te raak. Ek glo dat dit n groot verskil sal maak in ons gemeenskap". Ds Maartje van der Westhuizen, NG Elarduspark

"I found this course extremely valuable. This has changed my perspective of leadership and how to bring about transformation in a school". - Joshua McQuirk, Khoi Youth Worker, Die Wilgers

"Baie insiggewend - veral oor leierskap - ek sal die kursus aanbeveel aan ander". - Ds Marian Jordaan, NG Pietersburg-Noord

"Die kursus was vir my geweldig waardevol - sal dit beslis aanbeveel en implementeer in my konteks". Nicolas Swart, Jeugleier, NG Ermelo-Oos